**Skriflesing: 1 Samuel 13 v 14 en 16 v 7 en Handelinge 13 v 21-24 en 13 v 36a**
**Tema: 'n Pa wat droogmaak, is 'n man na die hart van God**

Ek wil gou u raad vra oor iemand. 'n Persoon het my die afgelope week gebel en gevra of hy by ons gemeente belydenis van geloof mag aflê. Ek het so 'n bietjie navraag gedoen oor die man. Hy kom uit 'n besondere familie. Hy was arm, maar is vandag 'n baie ryk en belangrike man. Sy foto verskyn gereeld in die koerante. Hy is 'n voorloper in die gemeente waar hy tans inskakel. Almal ken hom. Maar nou het ek ook gehoor dat hierdie man al egbreuk gepleeg het. Hy is al skuldig bevind aan moord. Sy kinders is uit al wat 'n skool is geskors, omdat hulle verskriklik droogmaak.

Ek het genoeg uitdagings. Ek het nie krag of tyd vir hierdie man nie. Hoe sal u hierdie situasie hanteer? Ek dink so 'n mens hoort darem nie in 'n gemeente van die Here nie. Hy kan mos nie enigsins vir hierdie gemeente iets goed beteken nie. Kan ons hom belydenis van geloof laat aflê? Ek sien u dink tog, ten spyte van alles, dat ons hom moet laat belydenis aflê. Baie geluk, u het sopas goedgekeur dat koning Dawid by ons belydenis van geloof mag aflê.

Kom ons kyk wat lees ons in Bybel oor hom. Ons lees 1 Samuel 13 vers14 en 16 vers 7 asook Handelinge 13 vers 21-24 en 13 vers 36a. In die Engelse Bybel staan in Handelinge 13 vers 36a "For David served God's purpose in his own time, and then he died."

Dawid kom uit 'n besondere familie. Hy was die voorvader van Jesus. Hy was 'n baie ryk man. Hy beklee 'n belangrike posisie in die samelewing. Hy is koning. Sy foto verskyn gereeld in die koerante.

Maar hy kon ook erg droogmaak. Ons lees onder andere daarvan in 2 Samuel 11. Dawid pleeg owerspel met Batseba en sy word swanger. Hy besef hy is in moeilikheid en hy maak nie die saak met die Here reg nie. Sy sonde sneeubal. Hy laat Batsebsa se man, Urija, van die oorlog af kom. Hy probeer alles, maak hom selfs dronk, om hom by sy vrou te laat slaap. Wanneer hy hom nie so ver kry om by Batseba te slaap nie, laat hy hom vermoor. Dawid sorg dat Urija op die slagveld sterf.

Dawid se sonde is soos 'n klip wat in die water gegooi word - dit kring uit na sy familie. Die seun wat uit owerspel met Batseba gebore word, sterf. Dawid se seun, Amnon, verkrag sy eie suster. 'n Ander seun, Absalon, vermoor sy broer Amnon. Absalon sterf toe hy Dawid se koningskap wil afneem. Nog 'n seun, Salomo, maak sy broer Adonia dood toe dié sy koninskap bedreig.

Na Batseba se routyd neem Dawid haar as vrou en sy bring 'n seun in die wêreld. Vir Dawid was alles in orde, maar vir God nie. Hy kan nie sy sonde vir God wegsteek nie. Vir God was alles verkeerd en daarom tree Hy op. Hy stuur Sy profeet Natan na Dawid.

Ten spyte van dit alles is Dawid 'n man na God se hart. As hy 'n man na God se hart is, kan ek dit verseker ook wees. Wat beteken dit om 'n man, 'n vrou of 'n jongmens na God se hart wees? Dit gaan in die eerste plek nie oor Dawid nie, maar oor God. Dit is Hy wat kies om ons God te wees. Hy oorlaai ons met Sy liefde en genade. Hy stuur Sy Seun Jesus Christus om deur Sy kruis en opstanding ons van sonde te verlos. Hy sal ons nooit in die steek laat en ons nooit verlaat nie. (Hebreërs 13 vers 5b)

Maar om 'n gelowige na die hart van God te wees, beteken ook om Hom sentraal te stel in jou lewe. Dit beteken om beheer oor te gee en Hom op die troon van jou lewe te laat sit. Hoe lyk dit prakties?

Drie weke gelede het ons stilgestaan by Josua 24 waar Josua voor die volk verklaar: "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."
Twee weke gelede het ons in Deuteronomiom 6 vers 4-5 gehoor wat die Here se voorskrifte is: "4Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. 5Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."
Verlede week is ons opgeroep dat ons lewens nie om onsself en ons behoeftes moet draai nie. Ek moet vra wat God wil hê en, gevul met die Heilige Gees, daarna streef. Dit is hoe 'n gelowige na God se hart leef en dit was waar van Dawid se lewe.

Wanneer hy op die slagveld voor die drie meter lange reus, Goliat, staan, staan hy daar in onwrikbare geloofsvertroue. Sy fokus is nie op homself nie, maar op die Here. Ons lees in 1 Samuel 17 vers 45-46: "Maar Dawid sê vir die Filistyn: "Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van **die Here die Almagtige**, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het. Vandag sal die **Here** jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap. Dan sal ek vandag nog die lyke van die Filistynse laer vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee, sodat die hele wêreld kan besef dat Israel 'n **God** het. Dan sal hierdie hele skare besef dat die **Here** nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die **Here** behoort en dat **Hy** julle in ons mag oorgee."
Die Israeliete sien 'n reus. Dawid sien vir God uittroon bo die reus.
In die bekende Psalm 23 bely hy: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie, nie in groen weivelde nie, maar ook nie in donker dieptes nie. Hy is by my."

Dit is geloof. Om onvoorwaardelik te vertrou op God wat baie groter as ons is. Om kinderlik afhanklik van hierdie almagtige Here, wat tot alles instaat is, te leef, ook wanneer jy besondere lae laagtepunte ervaar.

Wanneer hy Batseba sien bad, klim Dawid ongelukkig self op die troon van sy lewe. Hy dwaal ver weg van die Here. Hy gee oor aan die begeertes van sy sondige natuur. Dawid probeer eers sy sonde wegsteek. Ons lees in 2 Samuel 12 hoe die Here vir die profeet Natan na Dawid stuur om hom aan te spreek oor sy sondes. Dadelik wanneer Dawid sy sonde bely: "Ek het gesondig teen die Here" verseker Natan vir hom: "Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie."

Die verskil tussen 'n skaap en 'n vark is dat 'n skaap soms in die modder beland, maar nie daar wil bly nie. Dit is nie in sy aard nie. 'n Vark beland in modder en bly daar. 'n Vark geniet modder. Dawid val in die modder van sonde, maar hy bly nie daar nie. Dit is nie sy aard nie, want hy is 'n skaap van die hemelse Herder. Daarom bely hy sy sonde en God vergewe hom. Ons lees in Psalm 51 hoe aangrypend hy sy sonde bely nadat Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel met Batseba.

Man- of vrou- of jongmens-wees na die hart van God beteken nie om volmaak te wees nie. Ons as skape van die Here beland ook soms in die modder van sonde. Maar ons weet dat ons lewens nooit so verkeerd kan wees dat God dit nie kan regmaak nie.

Ons word opgeroep om te leef soos Dawid. Leef in geloofsafhanklikheid van die Here. Bely jou sonde en Hy sal dit vergewe. Stel die Here sentraal in jou lewe. Laat Hom op die troon van jou lewe sit.

Dan is jy ook 'n man, 'n vrou of 'n jongmens na die hart van God.
**Amen**